**DIE NOODSAAK VIR LEWENS- EN WêRELDBESKOULIKE ONDERRIG**
**(5 Augustus 2008 – Potchefstroom)**
**Slabbert Le Cornu**

**Vandag: die krisis**

Die westerse wêreld leef in die sogenaamde postmoderne tyd

Indeling: premodernisme (bonatuurlik) – modernisme (slegs natuur) – postmodernisme (ons weet nie; alles moontlik)

(sien: *Postmodernism's Impact On Popular Culture*, deur C. Pronk. http://www.banneroftruth.org/pages/articles/article_detail.php?1183)

Kenmerke van postmodernisme: the decline of the West, the legitimation crisis, the intellectual marketplace, and the process of deconstruction.

Vandag is die groot krisis (postmodernisme): daar is geen groter verhaal/idee/sin in die lewe nie. Nie waarheid soek nie, daar is nie so iets nie. Elkeen skep sy eie waarheid en leefruimte.

Hierdie aanslag is binne en buite die kerk:

buite die kerk – alle godsdienste is reg;

binne die kerk – dit gaan nou net oor die evangelie (genade vs natuur; herskepping vs skepping), die belangrikheid van skepping, God se wet, sondeval, kerk, ens worg genegeer.

Groot krisis van die reformasie tyd: gesag en soteriologie (redding). Vandag: epistemologie – kan ek werklik ken/weet ? nog belangriker: kan ons God waarlik ken, en sy wil van ons lewe.

Antwoord: die gelowige, moet nie net glo in die verlossing in Christus nie, maar ook die LWB wat uit die hele Skrif vloei: verlossing red ons tot die doel om God te eer in alles in die lewe.

Bavinck: die genade/herskepping heilig die natuur/skepping, dit vernietig dit nie.

**Wat is 'n lewens- en wêreldbeskouing ?**

'n Lewens- en wêreldbeskouing is "die geheel van antwoorde op fundamentele vrae aangaande God (of wie of wat ook al afvallig in die plek van God gestel word), mens en wêreld en hul onderlinge verhoudinge." (Prof.dr. HG Stoker, Oorsprong en Rigting, band 1, Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers: 1967, p.15)

'n *Christelike* lewens- en wêreldbeskouing dui dus op die "geheel van antwoorde op fundamentele vrae aangaande God, mens en wêreld en hul onderlinge verhoudinge", soos dit geopenbaar word in die Bybel, die Woord van God.

'n *Calvinistiese of Gereformeerde* lewens- en wêreldbeskouing dui op die "geheel van antwoorde op fundamentele vrae aangaande God, mens en wêreld en hul onderlinge verhoudinge", soos dit geopenbaar word in die Bybel, die Woord van God, en bely word volgens die gereformeerde belydenisskrifte van die 16de en 17de eeu (o.a. die Drie Formuliere van Enigheid en die Westminster Konfessies).

Om dit eenvoudig te stel: vanuit ons geloofsoortuigings, bepaal ons lewensbeskouing hoe ons dink oor God, mens en die wêreld. En gevolglik hoe ons gaan optree, prakties-konkreet, in die wêreld (Spr.4:23) Prof. Stoker gaan dan verder en wys daarop dat die Calvinistiese LWB uit die volgende aspekte bestaan (ibid, p.42 e.v.):

i. Alles is deur God Drie-enig geskape.

ii. God is absoluut soewerein, genoegsaam en absoluut.

iii. Die onderskeid tussen die Skepper en sy skepping moet gehandhaaf word.

iv. God regeer deur sy wet.

v. Die mens is geskape na die beeld van God en sy verteenwoordiger.

vi. Sonde, verlossing en herskepping.

vii. Die Christianisering van die hele lewe.

viii. Die begronding van die CLWB moet in die Woord van God wees.

Ons moet dus ons hele lewe en alles om ons be-oordeel vanuit 'n Christelik-gereformeerde lewensbeskouing, met die Woord van God as die bril (Calvyn, NGB artikel 2) waardeur ons na die wêreld kyk. Enigiets wat ons lees, bestudeer of sien of na luister, moet ons onderskei:
1. Watter Godsbeskouing (of afgodsbeskouing) leer dit ?
2. Wat openbaar dit van die **mens** ?
3. Wat openbaar dit van die **wêreld (**skepping/natuur) ?

As 'n mens dan die nodige kennis opgedoen het, moet dit beoordeel word aan die hand van die Skrif en die belydenis. Om dit te kan doen **moet daar kennis wees van die Skrif en die belydenis**. Lees en bestudeer die volgende belydenisgedeeltes (dit is belangrik om ook na die Skrifverwysings te kyk by elke belydenisartikel)

Vertrekkingpunt: die Skrif as ons norm/standaard om alles te toets, ook ons lewensbeskouings: NGB artikel 2-7; HK Sondag 7(v/a21), Sondag 32-44
1. Aangaande God: NGB artikel 1, 8-13,16-21; HK Sondag 5-31; DL hfst.1 en 2
2. Aangaande die mens: NGB artikel 12,14,15,22-24,26,37; HK Sondag 1-4; Sondag 45-52; DL hfst.3/4 en 5.
3. Aangaande die wêreld: NGB artikel 2,12,37; HK Sondag 9,10; DL hfst.3/4:4

**Paulus in Athene (Hand.17:15-34)**
Paulus plaas die Evangelie in die raamwerk van al die ander waarhede van die Skrif, teenoor die 'postmoderniste' van sy tyd. Sien die volgende belangrike sake (Reymond; Carson):

Agtergrond:
- Paulus 'opstandig', v.16 oor afgodsbeelde
- Gevolg: hy protesteer daarteenoor, in die sinagoge en op die markplein, v.17
- Hy gaan ook in gesprek met wysgere van sy dag
1. God is Skepper, 17:24
2. God is soewerein, 17:24
3. Ons is afhanklik van God, 17:25b
4. Die mens is afkomstig van een mens, 17:26
5. Probleem van die mens, 17:27
6. God is betrokke, immanent, 17:28
7. Sonde is afgodery, 17:29
8. Die verloop van die geskiedenis: linieer, nie sirkel nie, 17:30
9. Bekering in Christus, 17:30,31

*Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees – 1 Petrus 3:15*

**Boeke om te lees: e**nige boeke van Gordon H. Clark, Cornelius van Til, RJ Rushdoony, Francis Schaeffer, Greg L. Bahnsen, Peter Jones, Robert L. Reymond.
<u>Afrikaans</u>: *Oorprong en Rigting* en *Stryd om die Ordes*, van dr. HG Stoker
1. *Faith's Reason's for Believing*, RL Reymond
2. *Capturing the Pagan Mind* en *Spirit Wars*, Peter Jones
3. *The Vanishing Word*, AW Hunt
4. *Pushing the Antithesis & Always Ready*, GL Bahnsen
5. Enige boeke van Francis Schaeffer, begin met: *How should we then live ?(ook 'n DVD reeks)*
*6. Telling the Truth*, DA Carson (red.)
*7. Revolutions in Worldview – Understanding the Flow of Western Thought (ed: WA Hoffecker)*
Sien: http://www.prpbooks.com/RIW/